



Die internet as dinamiese taalomgewing: taalveranderingsverskynsels in Internet- afrikaans¹

Marlene Verhoef
Skool vir Tale
Vaaldriehoekkampus
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
VANDERBIJLPARK
E-pos: aftmmv@puknet.puk.ac.za

Abstract

The internet as dynamic language environment: manifestations of language change in Internet Afrikaans

It is generally accepted that the growing interest in the Internet has opened up new horizons for language research. Chenault (1997:1) asserts that the Internet is not about technology or information, but about communication.

The aim with this article is to explore the Internet as a dynamic language environment in which emerging patterns of language change in modern-day Afrikaans could be traced. Firstly, attention is paid to ways in which the internet speech community could be defined as a coherent speech community. A second aim with this article is to scrutinise the dichotomy between spoken and written language. This is done in order to indicate that linguistic innovations, which usually emerge from social interaction, find their way into written language in digital communication. The third aim is to take a close look at various forms or patterns of language change in Afrikaans as they are presently used in Afrikaans chat rooms on the Internet.

The article concludes that Internet Afrikaans could be regarded as an aspect of virtual reality for Afrikaans because systematic patterns of language change which started long ago in Afrikaans are confirmed by the Internet language environment.

1 Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n referaat wat tydens die Leids Colloquium oor Afrikaanse en Nederlandse taal- en letterkunde gedurende April 2001 in Leiden gelewer is.

1. Agtergrond

Dit word uit die volgende twee aanhalings duidelik dat hoewel hulle op 'n manier aan mekaar verwant is, daar opvallende taalstrukturele verskille tussen hulle bestaan. Die eerste aanhaling is die bekende Wes-Vlaamse *probatio pennae* uit die elfde eeu, en die tweede die moderne Afrikaanse weergawe daarvan, soos geskep deur die Afrikaanse digter, Gert Vlok Nel, aan die vooraand van die 21ste eeu:

(1) hebban olla vogala nestas hagunnan hinase hi(c) (e)nda thu uu(at) (u)nbida(n) (uu)e nu (Raidt, 1991:22)	(2) As almal in die ganse www aan hulle websites begin bou het, behalwe ekenjy@24.com waarop wag ons nog my lief (Burger, 1999:5)
--	--

Dit word nie alleen uit die twee aanhalings duidelik dat hier taaltipologies 'n duisend jaar moes verloop het nie, maar ook dat dit waarskynlik so is dat die sosiale netwerke en kultuurbelewenisse in dié tyd dramaties verander het, en dat dié verandering op eiesoortige manier in die taal/tale wat uit Wesnederfrankies ontwikkel het, neerslag moes gevind het.

As 'n mens dít in gedagte hou teen die agtergrond van Trudgill (1995:4) se aanname dat daar 'n onlosmaaklike band aan te toon is tussen 'n spraakgemeenskap en sy taal en dat dié band sodanig op leksikale en semantiese vlak neerslag vind dat die behoeftes, vooroordele en lewenswerklikheid van die taalgemeenskap wat dit gebruik, in die taalgebruik weerspieël word, mag dit loon om ondersoek in te stel na die manier waarop die eiesoortige ontwikkeling in Afrikaans in moderne taalgebruik weerspieël word. Voeg daarby dat Weinreich, Labov en Herzog reeds in hul pioniersartikel oor die sosiolinguistiek in die sestigerjare aangevoer het dat die ontwikkelingsgang van 'n taal nie bestudeer kan word sonder verrekening van die interafhanglike band tussen taalkundige aspekte en sosiale faktore nie (Weinreich, *et al.*, 1968:187-188). Hou ook in gedagte dat Antilla (1993:48) pleit dat dit niks help om taalverandering te bekijk, die interne taalstrukturele prosesse te beskryf sonder om te bepaal in watter semiotiese konteks dit geskied nie. Hy sê: "Indeed, any *realignment of the sign relations* defines change, and one cannot even talk about change unless one understands the sign" (my kursivering – MV) (Antilla, 1993:48).

Al dié sosiolinguistiese aannames word in die besonder gereleveer wanneer die internetomgewing as virtuele taallaboratorium gesien word waar hedendaagse taalveranderingsverskynsels in Internetafrikaans ondersoek kan word. Hierdeur behoort dit nie alleen moontlik te wees om na te gaan presies hóé die herbelyning van die tekens wat sosiale netwerke en kultuurbelewenisse verwoord, plaasgevind het nie, maar ook om die hedendaagse lewenswerklikheid van die gemeenskap wat dié variëteit gebruik, na te speur soos dit in die taalgebruik na vore kom. As dit daarbenewens gaan om die nagaan van patroonmatighede in die ontwikkelingsgang van Afrikaans, is dit gerieflik om die sprong te probeer maak aan die hand van die tydsafbakening tussen *hebban olla vogala nestas* en *as almal in die ganse www*.

Die navorsingsprobleem wat dus deur hierdie artikel omlyn moet word, is in watter mate dit moontlik is om huis die gebruik van Internetafrikaans in intydse rekenaarkommunikasie te sien as navorsingsobjek waardeur die manifestasie van hedendaagse taalveranderingsverskynsels nagespeur kan word.

2. Navorsingskonteks

Etienne van Heerden (2000a) het onlangs die stelling in *Beeld* gemaak dat die internet die versperrings tussen gewone mense laat tuimel en as 'n smeltkroes optree waar "weird" subkulture geleentheid kry om mekaar te ontmoet. Hy sê die kuberruim is 'n ideale tuiste vir debat, eksperimentering en die verkenning van nuwe moontlikhede.

Ook word dit in 'n berig in die IT-Bylaag tot *Beeld* en *Die Burger* (12-09-2000) duidelik dat dit aktueel en noodsaaiklik geword het om taalveranderingspatrone soos dit in aanlynkommunikasie manifester, te ondersoek omdat internettaalgebruik meebring dat ons taal "voor ons oë verander". Oor die ongekontroleerdheid en spontaneiteit van dié tipe taalgebruik sê Joan Hambidge (2000) – verwysend na die gebruik op die Afrikaanse e-tydskrif, *LitNet* – dat internettaalgebruik en die vlak van gesprekvoering kan herinner aan 'n "kroeggesprek met 'n klomp redenaars wat gelyk skreeu en gil". Sy sê: "Kom ons soek 'n nuwe naam vir LitNet. Wat van Bakleinet? Belasternet? Opdonnernet?"

Daarby word deesdae sterk standpunt ingeneem dat die mens-masjien-koppelvlakke die afgelope 20 jaar – huis vanweë die moontlikheid om gesimuleerde virtuele werklikhede te skep – 'n bepalende invloed uitoeft op die manier waarop mense met mekaar kommunikeer en waarop taal gebruik word (Short, 1998:1). Die argument is dat dit huis die *taalgebruik* in hierdie virtuele werklikheid is wat subkulture aan mekaar hou en wat veroorsaak dat mense verbonde aan dié kulture daarin ín- en

úitgedefinieer word. Omdat dié virtuele werklikheid 'n al hoe belangrikere rol in die samelewning sal speel, spoel die eiesoortige taalgebruik ook die hoofstroomkommunikasie in: "In other words, the line between computer jargon and mainstream communication grows even fuzzier as the language is absorbed from virtual reality into conventional expression" (Short, 1998:1).

Tog moet dit duidelik gestel word dat internettaalgebruik om veel meer as blote rekenaarjargon gaan, en daarom is dit interessant om spesifiek uit taalkundige hoek kennis te neem van die manier waarop die elektroniese kommunikasiemedia 'n aantoonbare invloed op heden-daagse taalgebruik uitoefen. Dit word uiteindelik duidelik dat die stippel-grense tussen reële werklikheid en virtuele werklikheid vervaag wat woord- en taalgebruik betref.

In samehang hiermee gaan dit in die besinning oor die verskuiwing tussen *hebban olla vogala nestas* en *as almal in die ganse www* oor wat Eckert (1995:48) oor taalvariasie as sodanig aanvoer. Sy praat van die "symbolic interpretation of variation" en die "social interpretation of variation" (Eckert, 1995:48) en voer aan dat taalvariasie (in sy breë sin, dit wil sê in idiolektiese, sosiolektiese en geolektiese verband) altyd 'n simboliese aard vertoon. Haar argument behels dat variasiepatrone in taalgemeenskappe se taalgebruik 'n weerspieëeling is van die "lidmaatskapvereistes" en inherente "sosiale gebruikte" van sodanige taalgemeenskappe en dat die gebruik van taalvariante slegs in dáárdie sfeer betekenis genereer en weergee. Wanneer die sosiale en simboliese waarde van bepaalde variante nagegaan word, is dit belangrik om te probeer aantoon watter korrelasie daar bestaan tussen die variasiepatrone soos hulle manifesteer in beperkte kodes of in plaaslike gemeenskappe (hoe daardie gemeenskappe ook al gedefinieer word), en dié in groter, breër gemeenskappe.

Om te kan bepaal in watter mate plaaslike variasiepatrone, soos dit in Internetafrikaans na vore kom, met globale variasiepatrone in verband gebring kan word, is dit belangrik om eers 'n werksdefinisie van die internettaalgemeenskap as koherente groep te formuleer. En hier bied Eckert (1995:55) se begrip "community of practice"/"gebruiksgemeenskap" moontlikhede aan die hand waarvan die sosiale praktyke waarin taalgebruik ingebied is, omskryf kan word:

A community of practice is an aggregate of people who come together around mutual engagement in some common endeavour. Ways of doing things, ways of talking, beliefs, values, power relations – in short: practices – emerge in the course of their joint activity around that endeavour.

Volgens Van Heerden (2000a) soek die mense in die "groot global village" die "heemtaal van 'n kuberdorpie" op. Hy sê: "Terwyl die internet aan die een kant internasionaliseer, skep hy aan die ander kant kleiner, veiliger ruimtes wat teen globalisering en ontheemding 'n burg bied." Wanneer Joan Hambidge haar oënskynlik dan verset teen die vlak van gesprekvoering op die LitNet-gespreksgroep, lyk dit of sy as 't ware beswaar aanteken teen die sosiale gebruikte van lede van dié taalgemeenskap. Van Heerden (2000b) sê immers: "Kubergemeenskappe wat ruig groei, opper nuwe magsverhoudings en -verskuiwings wat konvensionele regsopvattings en handelspraktyke tart."

In navolging van Eckert (1995:55) se definisie het dit waarde om die internettaalgemeenskap te sien as 'n groep wat bepaalde gesamentlike belang op grond van hul gesamentlike internetkommunikasiepoging deel, terwyl tegelykertyd in berekening gebring word dat dié affiliasie se belang na vore kom in eiesoortige taalgebruikspatrone.

3. Doel

Die doel met hierdie artikel is om na te gaan in watter mate die internet as dinamiese taalomgewing navorsingsmoontlikhede bied vir die bestudering van moderne taalveranderingspatrone in Afrikaans. Indien as aanname aanvaar word dat die internet om meer as blote tegnologie of inligtingsoordrag gaan, maar om kommunikasie in die ware sin van die woord (volgens Chenault, 1997:1), mag dit die moeite loon om te probeer bepaal tot watter mate die internetomgewing selfs die vervaging tussen gesproke en geskrewe taal aandui en daarom verreken behoort te word as dit gaan om die ontwikkelingsgang van Afrikaans.

Ter beredenering van dié aanname word die volgende ondersteunende argumente aangevoer:

- Dit gaan eerstens om die aantoon van hedendaagse taalvariasiepatrone by die gebruik van Internetafrikaans soos dit by wyse van 'n onlangse ondersoek na vore gekom het. Hierdeur word gevra na die invloed van die groepsdinamika en gedeelde sosiale praktyke op die totstandkoming van 'n groepskode of gebruiksvariëteit. Tegelykertyd moet die vraag beantwoord word tot watter mate Internetafrikaans dalk as 'n gebruikersvariëteit bestempel kan word. (Vergelyk Du Plessis, 1988:20.)
- Die tweede argument wentel om die beredenering van die vraag of taalveranderingspatrone wat nog van altyd af ingebed word in gewone omgangstaal en wat hedendaags in 'n oënskynlik geskrewe teksmedium soos intydse rekenaarkommunikasie na vore kom, inderdaad

as gesproke omgangstaal bestempel kan word. Croft (2001) sê hieroor:

Linguistic innovations emerge from the remarkable complexity of communication in social interaction. Once innovations occur, they are propagated through the equally complex social structures of the speech communities we participate in.

In hierdie opsig word daarom gepoog om aan te toon dat die primaat van gesproke bo geskrewe taal as navorsingsobjek binne die taalkunde ontmasker word wanneer digitale taalgebruik bestudeer word.

- Derdens gaan dit om saam met Eckert (1995:57) die vraag beantwoord te kry na wát bepaalde taalvariante se potensiaal is in terme van 'n bydrae tot die simboliese repertoire van die betrokke gebruiksgemeenskap as variëteitgemeenskap. Dit gaan hier om die mate waartoe taalgemeenskappe bepaalde taalvariante, wat die lidmaatskap en kognitiewe en sosiale leefsfeer uitdruk, se potensiaal ontgin en gebruik. Eckert (1995:57) vra:

If variation carries textured local meaning, this meaning must be constructed in course of local life – in the course of day-to-day practice. And if this local meaning links to broader social patterns, then the connection must be made in the course of this same practice.

Die uitdaging vir hierdie artikel lê dan daarin om moontlikhede te ondersoek aan die hand waarvan bewys kan word dat variante ook as 't ware 'n simboliese aard vertoon waar 'n gemeenskap se taalgebruik iets weerspieël van die lidmaatskapsvereistes en die sosiale konvensies van sodanige gemeenskap. Volgens Du Plessis (1994:121, 1995:147) en Van Rensburg (1994:166) kan daar nie van taalveranderingspatrone sprake wees sonder die verrekening van taalverskeidenheid as sodanig, waar die interafhanklike band tussen taalpatrone en sosiale faktore aangetoon word nie. In samehang hiermee voer Van Rensburg (1994:170) aan dat taalverandering nooit as 'n proses beskryf kan word waar blote *verandering in 'n taalplaasvind* nie, maar dat dit gaan om die kontekstuele verplasing van ou norme met nuwes uit verskillende variëteite. Daar vind dus streng gesproke nie taalverandering plaas nie, maar *normverplasing* wat gemotiveer word deur 'n proses waardeur bepaalde sosiokulturele normveranderings in die spraakgemeenskap self vir taalveranderingspatrone verantwoordelik gehou word. Van Rensburg (1994:171) sê:

Deur van *normverandering* te praat, in plaas van *taalverandering*, word die klem gelê op die natuurlike kragte in 'n maatskappy en die

aktiwiteite van die mense wat die taal praat. Die geskiedenis van 'n taal kan nie geïsoleerd van die mense wat hom praat, beskryf word nie.

- Wanneer dan gekyk word na dié normveranderingsproses, is dit noodsaaklik om, op grond van die dinamika tussen taal en die sosiale omgewing, in hierdie artikel te probeer nagaan tot watter mate tipiese patronen na vore kan kom wat uiteindelik voorspellingswaarde vir toekomstige taalontwikkelingspatrone mag hê.

4. Internetaalgebruik onder die vergrootglas

4.1 Navorsingsmetodologie

Die dataversamelingsfase met die oog op hierdie navorsing het soos verloop: daar is vir 'n vyfdagperiode – hoewel nie met aktiewe deelname nie – toegang verkry tot Afrikaanse kletskamers sodat die taalgebruik soos dit spontaan daar manifesteer, gemonitor kon word. Taalgebruik soos dit deurlopend in die brieverubrike van e-tydskrifte gebruik word, is ook ingesluit as navorsingsdata. Die totale datakorpus vir hierdie navorsing beslaan ongeveer 8 000 woorde, en hoewel dit verskillende gebruiksphere van Internetafrikaans verteenwoordig, gee dit nie voor om verteenwoordigend van Internetafrikaans oor die algemeen te wees nie. Die primêre doel is bloot om aan te dui tot watter mate opvallende patroonmatige taalveranderinge in dié variëteit, wat moontlik verdere korpuslinguistiese ondersoek sou kon regverdig, aan 't manifesteer is.

Hoewel dit moeilik is om op grond van die taalgebruik te bepaal of die gespreksdeelnemers eerste- of tweedetaalsprekers van Afrikaans is, is daar buitetalige aanduidings wat aanduiding gee van deelnemers se moontlike huistaal – die blote feit dat daar aan 'n Afrikaanse kletskamer-gesprek en Afrikaanse e-tydskrifbrieverubrike deelgeneem word, ongeag die talle bestaande Engelse gesprekskamers en e-tydskrifte, gee 'n aanduiding dat die voorkeurtaal beslis Afrikaans is.

4.2 Taalvariante in Internetafrikaans

4.2.1 Inleidend

Die oorhoofse doel met hierdie afdeling is om, aan die hand van konkrete voorbeelde, te probeer bepaal of daar van 'n proses van normverplasing in die breë Afrikaanse spraakgemeenskap sprake kan wees op grond van hedendaagse taalgebruikspatronen in Internetafrikaans.

Dit gaan dus nie om die aantoon van Internetafrikaans as onderskeibare sosiolek of variëteit van Afrikaans nie, maar om agter te kom wát bepaalde taalvariante se potensiaal is. Die ondersoek van die moontlike taalvariantpotensiaal word gedoen in terme van 'n bydrae tot die simboliese repertoire van die betrokke gebruiksgemeenskap as variëteitgemeenskap. Ook word gepoog om vas te stel tot watter mate taalgemeenskappe bepaalde taalvariante, wat die lidmaatskap en kognitiewe en sosiale leefsfeer uitdruk, se potensiaal ontgin en gebruik. En uiteindelik gaan dit om die aantoon van bepaalde taalveranderingspatrone wat hulle by wyse van internettaalgebruik in Afrikaans bly voltrek.

4.2.2 Merkers van geskrewe Internetafrikaans in vergelyking met die standaardtaalgebruik daarvan

Merkers	Internetafrikaans in vergelyking met Standaardafrikaans
1. Kodewisseling	<p>Opmerking: Hoewel konstruksies algemeen in gesproke taalgebruik is, is die gebruik hiervan in geskrewe formaat opvallend.</p> <ul style="list-style-type: none"> (1) Ek wil jou komplimenteer op jou site (2) Sal stunning lyk (3) Vat my raad chat eers
2. Fatiese kommunikasie deur gebruikmaking van tussenwerpsels	<p>Opmerking: Instandhouding van kommunikasie en ter simulering van gesproketaalsituasie</p> <ul style="list-style-type: none"> (4) Shame, dit moet hel wees om altyd so dors te wees. (5) Toemaar, voor jy nou kan dink ek 'n nors ou koek ...
3. Eiesoortige skryftaalkonvensies	<p>Opmerking: Hoofletter- en skryftekengebruik (veral kappie, deelteken, aksentteken) is sparsamig. Omtrent geen leestekens (veral komma) nie. Kan waarskynlik as inherent aan die internetmedium gesien word.</p> <ul style="list-style-type: none"> (6) ek het nie my pa se geld nodig om hier te chat nie (7) in elk geval los my pa hieruit hy's lankal nie meer met ons nie (8) ge-eet (<geëet) (9) se (<sê) (10) rerig (<rêrig) (11) maandag, vrydag, saterdag (<Maandag, Vrydag, Saterdag)

4. Fonetiese skryfwyse	<p>Opmerking: Word bykans sonder uitsondering gebruik. Dit blyk dat assimilasietendens só sterk teenwoordig is dat, indien daar 'n [n] of [s] in die omgewing is, assimilasie sonder uitsondering in die geskrewe vorm weerspieël sal word.</p> <ul style="list-style-type: none"> (12) toereloooo (<toedeloe) (13) gaanit (<gaan dit) (14) willie (<wil nie) (15) sonner (<sonder) (16) wonner (<wonder) (17) innie/voorie/allie (<in die; <voor die; <al die) (18) disse/oppe (<dis 'n; <op 'n) (19) daai (<daardie) (20) kannie; (<kan nie) (21)anner/onner (<ander; <onder) (22) voorie bib (<voor die biblioteek) (23) eks (<ek is) (24) biki (<bietjie) (25) whaazap (<Eng: what's up) (26) traai (<Eng: try)
5. Die gebruik van leksikale items tipies soos in gesproke taal	<p>Opmerking: Tipies soos met gesproketaal-konstruksies in Standaardafrikaans.</p> <ul style="list-style-type: none"> (27) sooo (28) koebaai (29) goeters (30) ekke (31) onse
6. Die vervaging van woordgrense tot morfeemgrense	<p>Opmerking: Frekwente voorkoms hiervan. Kom veral in kletskamertaalgebruik voor.</p> <ul style="list-style-type: none"> (32) ganie (33) wienie (34) gaanit (35) sallie (36) hettie (37) daarsy (38) innie/voorie/allie (39) eks

7. Eiesoortige voorsetselgebruik	<p>Opmerking: Die vorming van voorsetsels na analogie van die Engelse patroon is duidelik.</p> <ul style="list-style-type: none"> (40) Jy moet oefen op daai Xhosa aksent van jou (41) As jy nie persoonlik <i>met</i> een ontmoet nie (42) Ek wil jou komplimenteer <i>op</i> jou site (43) Hou <i>op</i> die goeie werk (44) Ons baklei in die huis <i>vir</i> die boeke
8. Sintaktiese vereenvoudiging: onderwerpsellips	<p>Opmerking: Kriptiese skryfwyse gee waarskynlik aanleiding tot die ellips.</p> <ul style="list-style-type: none"> (45) __ maar die naweek moet kom (46) __ moet vir hom 'n memo stuur (47) __ kan net nie aan die gang kom vandag nie (48) __ moet bietjie weer 'n kuiersessie reel volgende week
9. Sinskonstruksies lyk soos gesproke taalgebruik	<p>Opmerking: Die gebruik van die skakelwerkwoord en voorsetsels werk hiertoe mee.</p> <ul style="list-style-type: none"> (49) loop mailcheck (50) ons werk op apples
10. Randstukke	<p>Opmerking: tipies van gesproketaalkonstruksies</p> <ul style="list-style-type: none"> (51) <i>Shame</i>, dit moet hel wees om altyd so dors te wees. (52) <i>Toemaar</i>, voor jy nou kan dink ek 'n nors ou koek (53) ek was 'n bietjie suinig gewees jong
11. Eenvoudige sintaktiese struktuur met frekwente voorkomste van enkelvoudige sinskonstruksies	<p>Opmerking: Eenvoudiger konstruksie word bewerk deurdat dit lyk of die saamgestelde sin bloot deur die gebruik van sinsafsluitings in meer sinne verdeel word. Indien saamgestelde sinne gebruik word, is daar geen inlywingstrategieë en word bloot van neweskikking gebruik gemaak.</p> <ul style="list-style-type: none"> (54) Ek glo (probeer) net aan matigheid. Maar met 'n man soos myne (dierbare ou siel wat hy is) is matig nie altyd moontlik nie. Nou probeer ek maar net my sanity behou.
12. Sintaktiese konstruksies op die Engelse patroon	<ul style="list-style-type: none"> (55) Hou <i>op</i> die goeie werk (56) Jors <i>maak</i> my skater

13. Relatiefkonstruksie: SVO-volgorde soos vir 'n enkelvoudige sin word in die af- hanklike sin behou- al word daar ver- wag dat die werk- woord na die sen- trumgrens skuif	(57) ... en ek (die bietjie wat ek weet van haar) ook ...
14. Betreklike voor- naamwoordge- bruik	<p>Opmerking: Word sterk na analogie van die Engelse patroon gevorm al bestaan die aanduidings dat die sprekers Afrikaanssprekend is.</p> (58) vir die wie goedkoop reis (59) hulle wie huis toe verlang;
15. Selfrepresentasie van die skrywer/ spreker	<p>Opmerking: Die selfrepresentasie ter bevestiging van die gespreksposisie word duidelik in die nadruklikheid waarin die aktiewe deelnemer sy/haar posisie ook sintakties manifesteer.</p> (60) Ek is 'n female fan, nie regtig 'n sport(s) fan nie. Ek word genoeg deur my wederhelf gedwing om sport te kyk. Ek is gek oor jou skryfstyl en sin vir humor.

4.2.3 Taalveranderingsverskynsels in Internetafrikaans

Om agter te kom of die voorafgaande tipiese sosiale taalgebruik as merkers van taalverandering kan optree, mag dit baat om te probeer bepaal tot watter mate insig in tipiese kognitiewe prosesse en mechanismes die oënskynlike taalveranderingstendense motiveer. Juis omdat die redes vir taalveranderings-/normverplasingspatrone nie altyd voor die hand liggend is nie, en dit daarom problematies kan wees om te probeer bepaal presies wanneer taalverandering begin en in watter rigting dit ontwikkel (Winters & Dirven, 1999:265), is dit 'n uitdaging om die voorspellingselement van wat die afloop/ontwikkelingspatroon van 'n bepaalde variant kan wees, te isoleer.

Wanneer historiese data egter ingespan word om dié voorspellings-elemente se rigting te probeer bepaal, het dit pertinente waarde om die meeste van die huidige dinamiese veranderingsprosesse in Afrikaans te begryp. Die sinkopee van die intervokaliiese **d** tussen 'n beklemtoonde en 'n onbeklemtoonde neutrale vokaal in die ontwikkelingsgang van Afrikaans het daartoe gelei dat die Nederlandse *zadel* in Afrikaans *saal* geword het. Nog voorbeeld van hiervan is *aar* (<ader), *skouer* (<schouder), *koue* (<koude). Ook het hierdie intervokaliiese **d** in sommige Afrikaanse

woorde tot 'n **j** oorgegaan: *goeie* (<goede), *dooie* (<dode), *blye* (<blijde). (Vergelyk Raidt, 1991:200, Scholtz, 1981:180.)

Dit wil egter uit die hedendaagse data lyk of die sinkopee van **d** besig is om verder veld te wen en of daar 'n totale assimilasieproses daarvan aan die gang is: bloot by die aanduiding van sillabegrense is dit duidelik dat daar uitstotting is: anders > *anners*; onder > *onner*, sonder > *sonner*. Dit hou egter nie hier op nie en word uit Internetafrikaans duidelik dat **d** selfs by die aanduiding van woordgrense gehanteer word asof dit 'n blote morfeemgrens is: gaan dit > *gaanit*, al die > *allie*; in die > *innie*; op die > *oppie*. Hoewel dié tipe klankverandering nog nooit in Afrikaans werklik as tipiese taalveranderingsbeginsel aanvaar is nie, bloot omdat geglo is dat dit deur skryftaalkonvensie teëgework kan word (Conradie, 1981:37), is dit alledaags dat funksiewoorde soos lidwoorde gereduseer word. Wanneer egter in berekening gebring word dat klankveranderings in Afrikaans al geleei het tot die herinterpretasie van morfeemgrense – *sien* (<zie), *doen* (<doe), ook die gebruik van die agtervoegsel -*erig* saam met kat (>*katterig*), wind (>*winderig*), sand (>*sanderig*) waarvan almal se morfeemgrense in Nederlands anders geïnterpreteer word (Conradie, 1981:39), moet daar weer gekyk word na die krag van klankveranderingsprosesse in Afrikaans.

Raidt (1991:202) gee "slap artikulasie" aan as rede vir bepaalde klankveranderingspatrone in Afrikaans, onder andere huis die sinkopee van intervokaliiese konsonante. Dit het dalk tyd geword om kennis te neem van sekere sterk sistematiese assimilasiepatrone in hedendaagse Afrikaans, byvoorbeeld dat die voorkoms van [n] of [s] sterk aanleiding gee tot assimilasie. Internetafrikaans wys dat dié dinamiese proses kwalik gestuit kan word.

Wanneer die hedendaagse vokaal- en sillabeverswakkingspatrone in byvoorbeeld '/o (<hallo) vergelyk word met soortgelyke ontwikkelingspatrone uit historiese data, byvoorbeeld *vlei* (<vallei), *almal* (<allemaal), *soos* (<zoals), is die voorspelling dat die hedendaagse verswakkingspatroon bloot 'n verdere stadium van die vermelde een is.

Raidt (1991:213-220) beredeneer die feit dat drastiese vereenvoudigings- en regulariseringsprosesse as hoofoorsake aangevoer kan word vir die eiesoortige ontwikkeling van die naamwoord- en werkwoordstelsel in Afrikaans – in teenstelling met dié in Nederlands. Hoewel dit op grond van die beperkte data uit die huidige navorsing nie aangetoon kan word dat daar tans sodanige verskuiwings in Afrikaans aan die gang is nie, behalwe sintaktiese vereenvoudigingsprosesse eie aan gesproke taal, val die voorsetselgebruik op. Dit lyk of die gebruik van **vir** voor direkte en

indirekte persoonsobjekte redelik konsekwent ook op niepersoonsobjekte oorgedra word: *Ons baklei in die huis vir die boeke*.

Dit word uit die bespreking tot dusver duidelik dat analogiewerking as veranderingsagens, ook wat die evolusie van taalstrukture in Internetafrikaans betref, as uiters produktiewe normverplasingsmeganisme optree. Omdat dit ook hieruit duidelik word dat dit oor die hele taaltipologiese spektrum gebeur, word dit as 'n gelykmakingsproses gesien waardeur sprekers 'n oënskynlike ooreenkoms op 'n onbewustelike manier nog meer gelyk maak (Winters & Dirven, 1999:263).

4.3 Internetaalgebruik: gesproke of geskrewe taalgebruik?

Danet (1997:18-20) voer aan dat, ondanks die tekstuele aard van digitale kommunikasie, dit eerder 'n gesproke aard vertoon en as 't ware die "loss of the text as object" aandui. Juis in hierdie opsig is internetaalgebruik – spesifiek, gelykydigte aanlynkommunikasie – dan belangrik as studieobjek vir die taalkunde.

Oor die teenstelling *skryftaal*/teenoor *spreektaal* en die status daarvan as navorsingsobjekte, en die begrippe geskrewe taal en gesproke taal², is dit 'n gemeenplaas dat, wanneer dit kom by die korrespondensie tussen dié twee kanale, dié verhouding binne die taalkunde oënskynlik kontroversieel is (Malmkjaer, 1991:367). Die mening word aan die een kant gehuldig dat, wanneer taalstudie ter sprake is, gesproke taal 'n voorkeurpositie bo geskrewe taal inneem (Lyons, 1987:11, Odendal, s.j.:1). Lyons (1969:38) voer aan: "[T]he contemporary linguist maintains ... that the spoken language is primary and that writing is essentially a means of representing speech in another medium." Die redes wat vir hierdie voorkeurpositie aangegee word, is onder andere dat taalveranderingspatrone gewoonlik eers in die gesproke medium na vore kom alvorens hulle uiteindelik hulle weg mag vind na die geskrewe taalvorm (Lyons, 1987:12). Skryfstelsels maak normaalweg nie voorstiening vir die uitdrukking van ekstralinguale aspekte soos klemplasing en intonasie nie en het die gesproke medium nodig hiervoor.

In teenstelling hiermee spreek Crystal (1995:178) sy spyt uit dat die situasie in die taalkunde ooit so ontwikkel het dat dié twee kanale teenoor mekaar gestel is: "There is no sense in the view that one

2 'n Onderskeid kan gemaak word tussen die begrippe *skryftaal*/geskrewe taal en *spreektaal*/gesproke taal. Waar die begrippe *skryf-* en *spreektaal* dui op kodekeuses soos register- en stylknessies, dui geskrewe en gesproke taal eerder op kanaalkeuses. Vir die korrekte verstaan van die argument, word die omvattende verstaan van die begrippe (d.w.s. as sowel kode- as kanaalaanduidings) veronderstel.

medium of communication is intrinsically ‘better’ than the other.” Hy dui aan dat dié twee kanale eerder as komplementerend tot mekaar gesien moet word en maak ’n duidelike onderskeid tussen die verskillende funksies van dié kanale. Tog stel Crystal (1995:178-9) vyf duidelike verskille tussen die gesproke en geskrewe taalvorme:

- Die geskrewe taalvorm word met permanensie geassosieer en word normaalweg bepland aangebied en só georganiseer en uitgelê dat ’n identifiseerbare teksstruktuur duidelik word. Daarteenoor geskied gesproke taalgebruik vinnig en spontaan en is daar nie tyd vir behoorlike beplanning nie. Gevolglik is daar ’n veel losser struktuur, kom herhalings en herfraserings voor en word van intonasie, pouerings en klemplasings gebruik gemaak vir optimale kommunikasie.
- Omdat deelnemers in die geskrewe kommunikasiemedium mekaar nie kan sien nie, en die konteks gevoleglik nie uit die interaksie afgelei kan word nie, word deiktiese uitdrukkings en ander situasionele taalgebruik vermy of behoorlik omskrywe sodat vaagheid en dubbelsinnigheid uitgeskakel kan word.
- Geskrewe taal maak gebruik van grafiese elemente soos lees- en skryftekens om uitdrukking te gee aan ekstralalige elemente soos pouerings, intonasie, klemplasings.
- Daar bestaan grammatikale en leksikale verskille tussen geskrewe en gesproke taal. Komplekse grammatikale konstruksies soos die lydende vorm word meestal net in die geskrewe medium gebruik, terwyl tipiese sosiolektiese taalgebruik dikwels bloot in gesproke vorm weergegee word.
- Ook word aangevoer dat geskrewe taal dikwels formeler is en ’n sterker normatiewe karakter as gesproke taalgebruik weerspieël.

En hoewel elkeen van hierdie verskille tussen geskrewe en gesproke taal waar mag wees, daag die bekendstelling van hiperteks en die internet in die middel van die negentigerjare en die geweldige uitbreiding van rekenaargemedieerde kommunikasie (soos ook uit dié navorsing blyk) élkeen van hierdie aannames uit.

Dit word reeds uit die benaming *kletskamer* “*chat room*” duidelik dat die tussenvlak om méér as net mens en masjién gaan. Trouens, indien die taalgebruik in kletskamers en ander interaktiewe internetaalgebruik onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat dit hier eerder primêr gaan om ’n tussenvlak tussen gesproke en geskrewe taalgebruik.

Danet (1997:4) se bevinding dat digitale kommunikasie *volledig* as geskrewe én gesproke taal bestempel word en dat die taalgebruik "speech-like in its linguistic form" is, en tegelykertyd onbevatlik en kortstondig is, word dus ook uit dié navorsing bevestig.

Verder is dit waar dat, omdat taalveranderingspatrone eers in gesproke omgangstaal na vore kom voordat dit hul weg vind na die genormeerde skryftaaltradisie (Raidt, 1989:97, Crystal, 1995:328), die studie van internettaalgebruik met die doel om taalveranderingspatrone te identifiseer, huis vrugbaar mag wees. Die ongeïnhieberde taalgebruik wat by gelyktydige aanlynkommunikasie gebruik word, herinner aan gesproke taalgebruik en lewer gevvolglik bruikbare empiriese data vir die vasstelling van taalveranderingspatrone op strukturele en funksionele vlak.

4.4 Die internettaalgemeenskap

Miller (1995) maak duidelik dat, hoewel alle mense in hulle interaksie met mekaar voortdurend besig is om hul eiewaarde en selfidentiteit te onderhandel en te valideer, die intydse elektroniese medium nuwe raamwerke vir interaksie daarstel. En hoewel dit uit niegelyktydige aanlynkommunikasie, soos e-pos en webtuistes, duidelik word dat die eis om aanvaarding en selfhandhawing sterk is, word dit by uitstek by gelyktydige aanlynkommunikasie, soos by kletskamers, duidelik dat hierdie norm nie werklik geld nie (Danet, 1997:9). Die oorvloedige gebruik van skuilname in kletskamers lewer onder andere bewys van 'n fopidentiteit wat deur die gespreksdeelnemers aangeneem word. Danet (1997:9) praat van 'n identiteitespel waar mense, as deel van die virtuele werklikheid, as 't ware "maskers" dra deur hul skuilname: net soos karnavalmaskers, hoewel dit mense se ware identiteit verbloem, eintlik pertinente aandag op die karakters vestig, só word skuilname tekstuele maskers waar, hoewel die reële werklikheid verbloem word, die aandag eintlik gevestig word op die aanlynkarakter. Die pseudo-karakter wat deur die digitale medium geskep word, tree as gelykmaker op en maak dit gevvolglik ook moontlik om gedragspatrone (ook taalgedragspatrone) te openbaar wat nie noodwendig met die reële karakter korreleer nie. Volgens Tresca (1998) dra hierdie anonomiteit daartoe by dat 'n inhibisieloosheid in die taaloptrede na vore kom. En huis dít gee by kletskamers toegang daartoe dat gespreksonderwerpe letterlik oopgegooi word en taboes met redelike gemak gehanteer kan word.

Byname vertoon gewoonlik 'n fantasie- en fiksie-aard en gee die internetdeelnemer geleentheid om anoniem en sonder vrees vir identifikasie, in te skakel by gelyktydige aanlynkommunikasie. Die volgende byname vir kletskamerdoeleindes in Afrikaans onderskryf die vooraf-

gaande aannames: *Curley*, *Stormwind*, *InFlames*, *Willeboer*, *Lieve Heksie*, *Babbelbek*, *Misslaadidaa*.

Uiteindelik bly daar net *taalgedrag* oor waardeur gespreksdeelnemers hulself kenbaar kan maak. En omdat die virtuele werklikheid dit by uitstek moontlik maak om taal as manipulasie-instrument te gebruik, verhoog dit die verskynsel dat gespreksdeelnemers optree asof hul maskers dra (McPherson *et al.*, 1999:1). Hoewel dit waar mag wees dat wanneer die aanlyngespreksgeleentheid verby is, die virtuele identiteit vir die oomblik ook daarmee heen is, beweer navorsers dat hierdie pseudo-identiteit ook met die reële identiteit kan deureenloop en dan nie as blote transendensie optree nie, maar as "prostese" van die werklike karakter (McPherson *et al.*, 1999:3).

Dit is dan by uitstek die taalgebruik wat dié taalgemeenskap definieer en 'n simboliese karakter verleen aan die groepslidmaatskap. Wanneer die taalgebruik onder die vergrootglas geplaas word en op die skryftaal-konvensies gelet word, is dit duidelik dat die fopidentiteit nie alleen in die skuilname lê nie, maar ook in die emotikons en niekonvensionele afkortings soos */o/ello* (hallo), *ta* (tatta), *8g* (ag) in Afrikaans. Daar is ook nog die volgende gekonvensionaliseerde internasionale afkortings: *gr8* (great), *cya* (see you), */o/l* (laughing out loud); *oic* (oh I see), *fanx 4 ur elp* (thanks for your help), *ppl* (people); *thanx* (thanks), *u* (you).

Uiteindelik word dit duidelik dat, hoewel virtuele en reële werklikheid deureenloop wanneer dit gaan om die identiteitsdefiniëring van internetgebruikers, Eckert (1995:55) se omskrywing van 'n gebruiksgemeenskap as 'n groep mense wat gedeelde betrokkenheid by bepaalde praktyke vertoon, bruikbaar kan wees vir die definiëring van internetgebruikers as 'n koherente taalgemeenskap.

Op grond van die koherensie van die taalgemeenskap en Du Plessis (1988:9-10) se definiëring van die begrip variëteit, naamlik dat dit dui op 'n "patroonmatige sisteem van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en/of geografiese [items]", lyk dit of Internetafrikaans as variëteit van Afrikaans bestempel kan word. Andersyds lyk dit of die spesifieke ongedefinieerdheid van gesproke vs gesproke taalgebruik, van reële vs virtuele taalwerklikheid meebring dat die begrippe *variëteit* en *taalgemeenskap* ook in hierdie geval as konteksgebonden gesien moet word waar die gebruiksgemeenskap telkens die taalkonvensies bepaal.

Dit val egter bo alle twyfel dat die gesimuleerde werklikheid wat deur die gebruik van Internetafrikaans geïllustreer word, meer as genoeg bewys lewer van die manifestasie van taalveranderingspatrone wat lankal reeds in Afrikaans begin is.

5. Sintese

In die noukeurige nagaan van spontane Internetafrikaans soos dit op interaktiewe manier in ondere andere kletskamers gebruik word, is dit duidelik dat gespreksdeelnemers moeite doen om 'n oog-tot-oog-kommunikasiesituasie te simuleer en 'n virtuele gesprek te voer. Daarby word dit allerweé aanvaar dat dié interaktiewe aanlynkommunikasie vinnig besig is om veld te wen en, omdat dié kommunikasie in werklike tyd plaasvind, tree dit as nabootsing van werklike kommunikasie en werklike taalgebruik op (Clarke, 2000).

Hierdie waarneming korreleer nie net met internasionale gebruik nie (Danet, 1997:4), maar ook met die siening van ander taalkundiges: Moore (2000:4) voorspel dat soos kommunikasiefrekvensie en die gebruik van kommunikasiemedia in die 21ste eeu toeneem, taalgebruik sal neig om al hoe informeler te word. Hierdie informele aard van taalgebruik en die omgangsregister waarin gekommunikeer word, kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die elektroniese kommunikasiemedia as vervlietend en verbygaande bestempel word en die uitings en tekste geen raklewe en permanensie het nie. Daarby gaan dit in hierdie soort taalgebruik sterk om huis dít wat deur die gebruiksgemeenskap (soos deur Eckert [1995:5] gedefinieer) gelegitimeer word.

Dit word uiteindelik ook uit die gebruik van Internetafrikaans duidelik dat die band tussen hierdie variëteit van Afrikaans en diegene wat hom gebruik, op leksikale en semantiese vlak na vore kom. Maar dit gaan eintlik om veel meer as net dit. Die feit dat taalveranderingspatrone wat lankal reeds in Afrikaans 'n aanvang geneem het, op sistematiese wyse verder ontwikkel, dui allereers op 'n herbelyning van die semiotiese sfeer waarin Afrikaans hom bevind. Net soos met die aanvanklike ontwikkeling van Afrikaans in die 17de en 18de eeu, toe die taal hoofsaaklik in gesproke modus gebruik is en dit daarna in geskrewe formaat neerslag gevind het, gebeur dit nou weer dat die grense tussen gesproke en geskrewe taal vinnig vervaag.

En hoewel hiermee nie voorgegee wil word dat alle vrae rondom die manifestering van Internetafrikaans en die invloed van die aanlyn elektroniese tegnologie beantwoord is nie, word dit tog duidelik dat dié variasiepatrone primêr dui op die vervaging tussen gesproke en geskrewe taal. Hierdeur word dan op simboliese vlak aangetoon dat Internetafrikaans op méér as 'n beperkte kode dui en eintlik bewys lewer van die breeë ontwikkelingsgang van Afrikaans oor die algemeen. Dit kom ook voor of die merkers waardeur eksklusiwiteit aangedui word (onder andere die emotikons en niekonvensionele afkortings wat algemeen in

die internettewêreld gebruik word) as 't ware ondergeskik staan aan die algemener variasiepatrone eie aan die gesproke vorme van Afrikaans.

Dit gaan egter ook om nog meer, en dit is om te bepaal of die variasiepatrone enigsins sodanige sosiale prestige verwerf by die groep met wie dit geïdentifiseer word sodat dit nog verder by die spraakgemeenskap ingeburger raak. En soos met die tien eeue tussen *hebban olla vogala nestas* en *as almal in die ganse www*, sal net die tyd ons dit leer.

Bibliografie

- Antilla, R. 1993. Change and metatheory at the beginning of the 1990s: the primacy of history. In: Jones, C. (ed.) *Historical linguistics: problems and perspectives*. London : Longman. p. 43-73.
- Burger, K. 1999. Vlae op pad wag motoriste by fees in. *Plus*: 5, Maart 31.
- Chenault, B.G. 1997. Computer-mediated communication and emotion: Developing personal relationships via CMC. [http://alexia.lis.uiuc.edu/~haythorn/cmc_bgc.htm] (Toegang: 2001-07-13.)
- Clarke, V. 2000. Internet English: an analysis of the variety of language used on Telnet talkers. [<http://www.Tartarus.org/~vicky/talkers/TalkerEnglish.pdf>] (Toegang verkry: 2001-03-13.)
- Conradie, C.J. 1981. *Taalgeskiedenis*. Pretoria : Academica.
- Croft, B. 2001. Language change: explaining language change. [<http://www.linguistlist.org/issues/12/12-589.html>.] (Toegang: 2001-03-12.)
- Crystal, D. 1995. *The Cambridge Encyclopedia of Language*. Cambridge : CUP.
- Danet, B. 1997. Language, play and performance in computer-mediated communication: Final report submitted to the Israel Science Foundation. February. [<http://atar.mscc.huji.ac.il/~msdanet/report95.htm>] (Toegang verkry: 2001-07-10.)
- Du Plessis, H. 1988. *Variasietaalkunde*. Pretoria : Serva.
- Du Plessis, H. 1994. Taalkontakvariasi in Afrikaans. In: Olivier, G. & Coetzee, A. (reds.) *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis : Southern Boekuitgewers. p. 120-129.
- Du Plessis, H. 1995. Taalverskeidenheid in Afrikaans as spieël van sy kontakgeskiedenis. In: Ester, H. & Van Leuvensteyn, A. (eds.) *Afrikaans in een veranderende kontekst: taalkundige en letterkundige aspecte*. Amsterdam : Suid-Afrikaanse Instituut. p. 144-160.
- Eckert, P. 1995. (ay) Goes to the city: exploring the expressive use of variation. In: Guy, G., Feagin, C., Schiffarin, D., & Baugh, J. (eds.) *Towards a social science of language. Papers in honour of W. Labov*. Vol. 1. *Variation and change in language and society*. Amsterdam : John Benjamin. p. 47-68.
- Hambidge, J. 2000. Bakleinet? Belasternet? Opdonnernet? *Plus*: 6, Sept. 19.
- IT-Bylaag tot *Die Burger en Beeld*. 2000. Kinders se 'snelskrif' in e-pos laat Britte frons oor grammatika. *Beeld*: 5, Sept. 12.
- Lyons, J. 1969. *Introduction to theoretical linguistics*. Cambridge : CUP.
- Lyons, J. 1987. *Language and linguistics: An Introduction*. Cambridge : CUP.
- Malmkaer, K. 1991. Psycholinguistics. In: Malmkaer, K. (ed.) *The linguistics encyclopedia*. London : Routledge. p. 362-375.

- McPherson, L., Porter, C. & Fox, E. 1999. Real and virtual identity in computer-mediated communication. [<http://www.maj.arts.qut.edu.au/units/mjb336/history/cporter/>] (Toegang: 2001-07-10.)
- Miller, H. 1995. The presentation of self in electronic life: Goffman on the Internet. [<http://www.ntu.ac.uk/soc/psych/miller/goffman.htm>] (Toegang: 2001-03-22.)
- Moore, A. 2000. Language and society – language and occupation. [<http://www.shunsley.eril.net/amoore/lang/occupation.htm>] (Toegang: 13-03-2001.)
- Odendal, F.F. s.j. *Aspekte van taal*. Goodwood : Nasou.
- Raidt, E.H. 1989. Ontwikkeling van vroeë Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (red.) *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2de hersiene uitgawe. Pretoria : Academica. p. 96-126.
- Raidt, E.H. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad : Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1981. Die intervokaliese *d* in Afrikaans. In: Scholtz, J. du P. *Taal-historiese opstelle: Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad : Tafelberg. p. 169-189.
- Short, D. 1998. Hack & Slay to respectability: Multi-user Dungeon (MUD) jargon & the spillage into mainstream communication. [<http://www.mala.bc.ca/~soules/CMC290/hackslay.htm>] (Toegang verkry: 2001-03-13.)
- Tresca, M. 1998. The impact of anonymity on disinhibitive behavior through computer-mediated communication. [www.msu.edu/user/trescam/thesis/htm]. (Toegang: 2001-07-10.)
- Trudgill, P. 1995. Dialect typology: Isolation, social network and phonological structure. In: Guy, G., Feagin, C., Schiffrin, D., & Baugh, J. (eds.) *Towards a social science of language. Papers in honour of W. Labov. Vol. 1. Variation and change in language and society*. Amsterdam : John Benjamin. p. 3-22.
- Van Heerden, E. 2000a. Ontheemdes vind hul burg in kuberdorpies. *Beeld*: 4, Julie 4.
- Van Heerden, E. 2000b. Afrikaanse tong se koorspoen bevestig internet is gevaaaliker as die papierwêreld. *Beeld*: 9, Des. 19.
- Van Rensburg, C. 1994. Die ontstaan van Afrikaans in 'n intertaalkonteks. In: Olivier, G. & Coetzee, A. (reds.) *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H. Raidt*. Halfweghuis : Southern Boekuitgewers. p. 166-179.
- Weinreich, U., Labov, W. & Herzog, M. 1968. Empirical foundations for a theory of language change. In: Lehmann, W.P. & Malkiel, Y. (eds.) *Directions for historical linguistics*. Austin : University of Texas Press. p. 95-188.
- Winters, M. & Dirven, R. 1999. Taal door de tijd heen: historische linguistiek. In: Dirven, R. & Verspoor, M. (reds.) *Cognitieve inleiding tot taal en taalwetenskap*. Leuven : Acco. p. 243-274.

Kernbegrippe:

Internetafrikaans
kletskamers
sosiolinguistik
taalverandering
variëteite van Afrikaans
virtuele taalgemeenskap
virtuele taalwerklikheid

Key concepts:

chat rooms
Internet Afrikaans
language change
sociolinguistics
varieties of Afrikaans
virtual language community
virtual language reality